


# WEEK 2

## Die uitstorting van die Heilige Gees

Doel: In hierdie Bybelstudie wil ons gaan kyk na die verhaal van die uitstorting van die die Heilige Gees in Handelinge 1 en 2 met die spesifieke klem op die rede vir die uitstorting van die die Heilige Gees.

**<u>INLEIDING</u>**

**Wat is volgens jou die hoofrede waarom die Heilige Gees uitgestort is?**

**Waarom het jy 'n behoefte aan die werk van die Heilige Gees in jou lewe?**

**<u>WAT Sê DIE BYBEL?</u>**

**Lees Handelinge 1:1-8, 12-14 Handelinge 2:1-13, 41-47**

**Deel met mekaar wat jou tref met 'n eerste lees van die gedeelte.**

**Watter uitdagings was daar vir julle toe julle VK toe gekom het?** Dink spesifiek aan sake wat totaal vreemd was waaraan julle gewoond moes raak in 'n nuwe land.

Watter emosies het dit by julle veroorsaak?

Die dissipels staan hier voor 'n soortgelyke situasie. Hoe het **alles in hulle lewens verander** met Jesus se sterwe en hemelvaart? Hoe moes dit hulle laat voel het?

Wat dink julle was in die lig daarvaan h**ulle verwagting van wat die Heilige Gees vir hulle moes kom doen en wees?**

***(NB:Nie een van die dissipels het ooit gedink en gedroom dat God deur die Gees gaan werk soos Hy gewerk het op Pinksterdag nie...)***

**In Handeline 1:8 gee Jesus ‘n ander belofte oor die rol wat die Heilige Gees gaan speel.** Wat wou die Heilige Gees volgens hierdie vers in hulle lewens doen?

Hoe ondersteun **Handelinge 2:4-11** hierdie gedagte?

Hoe wil die Heilige Gees dit **vandag nog in ons lewens** doen?

Die **hooffokus** van die rol van die Heilige Gees volgens Handelinge 1 en 2 was dus **die uitbreiding van God se koninkryk!!** Hoe verskil dit soms van wat ons wil hê die Heilige Gees in ons lewens moet kom doen?

Tog lees ons dat die **dissipels se ingesteldheid** ‘n baie groot rol gespeel het in die uitstorting van die Gees. Wat lees ons in **Handelinge 1:14** wat hulle gedoen en aangehou het om te doen.?

**Wat kan ons dus doen** om onsself voor te berei, gereed te maak, oop te stel vir die werking van die Heilige Gees in ons lewens?

Hoe gaan ons dit **prakties as selgroep doen**? (besluit om spesifieke aksiestappe – *soos bv om as selgroep per geleentheid voor eredienste saam te bid*)

**Die Heilige Gees het die dissipels se lewens verander**. Die impak wat hulle gehad het, het verder gestrek as net om in vreemde tale te praat. Wat leer **Hand 2:42-47** hieroor?

Wat die Heilige Gees wil doen gaan ons totaal verander. Tog is die fokus in Handelinge 1 en 2 nie hul persoonlike verdieping en heiligmaking nie – eerder die fokus op die uitbrei van God se koninkryk. Maar toe hulle fokus skuif weg van hulleself na wat die Heilige Gees wil doen (uitbrei van God se koninkryk) verander hul lewens ook en het hulle ‘n massiewe groot impak op die lewens van mense rondom hulle..

**God se plan is dat ons lewens moet verander**, maar die manier waarop Hy dit deur die Heilige Gees wil doen, is om soms eers ons fokus weg te vat van onsself, dat ons van Hom afhanklik raak en soos ons fokus die redding van mense word, verander Hy ons. **Hoe kan ons hiervoor bid?**